

# Nonnetjie-uile en biologiese beheer

Die nonnetjie-uil *Tyto alba* is aan baie mense bekend as 'n spookagtige bewoner van dakrande, skure en verlate geboue. Dit word bewonder vir die stil vlug en die engelagtige, hartvormige gesig en is berug vir die spookagtige verskyning snags in vlug en die skril geroep gee mens koue rillings. Miskien is die mees unieke eienskap van die nonnetjie-uil die intieme verhouding met hul knaagdierprooi. Omtrent alles van hulle, van hul vorm tot voorkoms, hul gedrag en selfs broeigedrag, is ontwerp om hul vermoë om muise en rotte wat snags aktief is op te spoor en te vang en voordeel te trek uit hierdie gewoonte. Gegewe hierdie mate van spesialisering en 'n wêreldwye verspreiding, is die nonnetjie-uil moontlik die mees effektiewe knaagdierroofdier op aarde.

Met hierdie getuigskrif is dit nie verbasend dat die nonnetjie-uil toenemend deur boere gebruik word om te help om knaagdierplae te beheer wanneer dit dreig om hul kontantgewasse te verwoes nie. In gebiede met intensiewe boerdery regoor die wêreld, veral in graanlande, maar ook in ryslande en vrugteboorde, is daar 'n toenemende neiging om weg te beweeg van die gebruik van duur en skadelike gifstowwe om knaagdiere uit te roei na 'n baie goedkoper, meer volhoubare en beslis 'n meer effektiewe biologiese beheeragent – die nonnetjie-uil.

## Wat is biologiese beheer?

Biologiese beheer is die beheerde gebruik van een organisme om die getalle of verspreiding van 'n ander te beperk. In wese is dit 'n beter manier om plae en onkruid te beheer, aangesien dit roofdiere en parasiete afspeel teen prooi en gashere en dit vertrou op die natuurlike uitwerking van die een op die ander om die uitwerking van 'n ongewenste wanbalans te verminder. Dikwels sluit biologiese beheerprogramme die invoer van vreemde roofdiere in om die indringer plae te beheer. Ideaal gesproke sou sulke ingrypings daartoe lei dat die plae gedwing word tot plaaslike uitwissing, wat gou gevolg sal word deur die verhongerde beheeragent. Daar is egter altyd die risiko dat die ingevoerde roofdiere hul aandag kan verskuif van die teikenspesie

na 'n ander, inheemse soort en self 'n plaag kan word.




Die nonnetjie-uil beheerplan vir plaagbestuur is 'n baie makliker benadering met minder risiko. In wese sluit dit die manipulasie van die uilbevolking in (wat plaaslik inheems is) deur die verskaffing van 'n andersins beperkende bron – nesmaakplek. Nonnetjie-uile broei in holtes wat onder natuurlike omstandighede beteken hulle broei in krake in rotse of gate in bome. Hulle het goed aangepas om holtes in geboue te gebruik, veral in gebiede waar baie knaagdiere is. In boerderygebiede met knaagdierplae kan nonnetjie-uile se getalle

vermeerder word deur geskikte neskaste te voorsien wat oor die plaas versprei word sodat uile dit kan beset en daarin kan broei. As die uile eers ingetrek het, sal hul toenemend druk plaas op die knaagdiere wat snags aktief is en verminder dus die knaagdierplaag in die gebied deur groot getalle muise en rotte te vang en te verorber en sal ook die mate beperk waartoe die oorblywende knaagdiere dit uit beskermde plekke sal waag. Knaagdierbevolkings is geneig om te verminder in swak jare en te vermeerder in goeie jare. Nonnetjie-uile is waarskynlik aangepas by die sikliese aard van hul prooi en daar is geen gevaar dat kunsmatig vergrote nonnetjie-uil populasies sal verander na ander nie-teiken prooi wanneer knaagdiergetalle laag is nie. Intendeel, uilgetalle in die gebied sal afneem, waarskynlik omdat die voëls die gebied verlaat vir 'groener weivelde' en die getalle sal weer toeneem om saam te val met die volgende knaagdierplaag.

## 'n Plaaslike proefneming

In die graanproduserende gebiede van die Wes-Kaap verhoog die nagmuis *Tatera afra* se getalle in goeie reënseisoene en hierdie plaag kan aansienlike skade aanrig op plase en aan gewasse. 'n Uitgebreide studie is onlangs op 'n Weskus koringplaas gedoen met uile as biologiese beheeragent en meer as 80 neskaste is opgesit. Die grootte van die uilbevolking op die 2000 hektaar eiendom wissel van jaar tot jaar van ongeveer 15-40 pare. Nagmuise maak ongeveer 90% van die dieet uit van broeiende uile en gesamentlik het die uile 'n beraamde 35 000 nagmuise per jaar gevang. Deur



uile te gebruik om die muis te beheer was twee keer meer doeltreffend as om gif te gebruik en op die lang duur baie goedkoper. 'n Optimale rangskikking van neskaste in die Weskus area benodig ongeveer een neskas in 25 ha lande met neskaste ongeveer 500 m uitmekaar. Terwyl die kapitale uitleg wat benodig word om so 'n reeks neskaste op te sit min of meer dieselfde kan wees (afhangende van die material wat gebruik word om die kaste te maak) as die koste van gifstowwe wat op 'n gemiddelde plaas benodig sal word om muis vir 'n jaar te beheer, sal onderhoudskoste vir 'n bestaande neskasprojek waarskynlik minder wees as 5% van die koste van nog 'n aanwending van gifstowwe. Waarskynlik die belangrikste, is dat die nonnetjie-uil en neskas benadering die herhaalde aanwending van gifstowwe verhoed, ander roofdiere wat knaagdiere vang, word nie beïnvloed nie, eiendomme bly ekologies funksioneel en plase is gesond en produktief.

Lees verder by

<http://www.ewt.org.za/images/uploaded/workgroups/7Owl%20nest%20boxes.pdf>

Potter, L. 2004. Raptors for rodent control: Is the Barn Owl a viable control agent for pest rodents on South African farmlands? Unpublished MSc Thesis. University of Cape Town, Cape Town.

Teks deur Andrew Jenkins; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Toni Pretorius; uitleg deur Africa4U.



Vir verdere inligting, kontak die Roefvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506  
Webtuiste: [www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)  
E-pos: [andreb@ewt.org.za](mailto:andreb@ewt.org.za) (André Botha) of [bopwg@ewt.org.za](mailto:bopwg@ewt.org.za) (Erika Belz)